Om God se stem te hoor.

Sessie 5

Die Stem uit die stilte.

Earth is crammed with Heaven, and every common busch afire with God; but only he who sees takes off his shoes.

Elizabeth Browning

Hand. 17: 24 -28

God, wat die wêreld met alles wat daarin is, gemaak het, Hý is die Here van hemel en aarde, en Hy woon nie in tempels wat deur mense gemaak is nie. Hy het ook nie nodig dat mense Hom versorg nie. Inteendeel, dit is Hy wat aan almal lewe en asem en alles gee. ... God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind.

Hy is nie ver van enigeen van ons af nie, want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons.

Of soos party van julle digters ook gesê het: ‘Ons stam ook van Hom af.’

Sedert die vorrige sessie:

- Waar het jy brandende braambosse gesien en jou skoene uitgetrek?

- Was jy meer bewus dat alles van jou doen en late in die teenwoordigheid en nabyheid van God gebeur het? Hnd. 17:27,28

- In watter mate was jy in voeling met jou alleenheid wat jou uitnodiging was vir die nabyheid van God?

- Waarin en hoe het jy God se stem gehoor?

1 Samuel. 3:8-10.

“8Die Here roep hom toe vir die derde keer, en weer hardloop hy na Eli toe. “Hier is ek,” sê hy. “U het my tog geroep.” Toe besef Eli dat dit die Here is wat die seun geroep het. 9Daarom sê hy vir Samuel: “Gaan lê en as iemand weer na jou roep, sê dan: ‘Ja, Here, u dienaar luister.’” Samuel is weer terug na sy bed toe.10Die Here kom staan toe daar en roep soos die vorige kere: “Samuel, Samuel!” Samuel het geantwoord: “Ja, Here, u dienaar luister.”

1 Konings 19:11-13 11

“Kom buitekant toe en gaan staan voor My by die berg,” sê die Here vir hom. Terwyl Elia daar staan, het die Here by hom verbygegaan en ’n geweldige rukwind het die berg uitmekaargeruk en die rotse gebreek voor die Here. Tog was die Here nie in die wind nie. Na die wind was daar ’n aardbewing, maar die Here was nie in die aardbewing nie. 12Na die aardbewing was daar ’n vuur, maar die Here was nie in die vuur nie. Na die vuur was daar die geluid van ’n sagte gesuis. 13Toe Elia dit hoor, het hy sy gesig met sy mantel toegemaak. Hy het by die ingang van die grot gaan staan. ’n Stem het gesê: “Wat maak jy hier, Elia?”

Baie maniere waarop God praat:

1. ‘n Verskynsel en ‘n stem. Braambos. Jesus se doop.
2. Bo-natuurlike boodskapper of engel. Vroue by die graf.
3. Drome of visioene. Johan van der Merwe
4. Hoorbare stem. Abraham wat Izak offer.
5. Woorde van waarheid deur die woorde van mede-gelowiges.

Maar nou kom ons by die belangrikste manier waarop God met ons praat:

- In samehang met ons eie menslike taal.

- Deur die stem van ons gedagtes.

Dit is wat ons menswees en karakter die meeste vorm om in pas te kom met die karakter van God. Vriendskap...(Moses)

Van al die maniere wat God praat is *die sagte, stil stem van God*, die een wat ons maklik mis. Dit is baie persoonlik en nou verweef met ons diepste menswees.

Dis is die belangrikste en mees waardevolle vorm van individuele kommunikasie van God.

Dit bring ons in pas met Sy besondere wil en werk in ons lewe ter wille van ons persoonlike roeping. Dit maak ons oë oop vir die “meer” van Sy koninkryk in en om ons.

“When God speaks in union with human Beings, he often seems to purposefully choose weaker vessels.”

“God will not compete for our attention. In most cases God will not run over us”

“The unobtrusiveness of the medium (*ons self*) makes it seemingly unremarkable, unassuming and perhaps even not immediately noticed”

“In contrast with other cases, the medium through which the message comes is diminished to the vanishing point, taking the form of thoughts that are our thoughts, though these thoughts are not from us. The human spirit becomes the “candle of the Lord”

Spr. 20: 27 Die asem van die mens is die Here se lamp; daarmee deursoek Hy al die kamers van die binneste.

God praat met ons deur die stem in die stilte van ons eie gedagtes en gevoelens.

Dit impliseer dat ons ons gedagtes, gevoelens en harte soos David, in Psalm 139, oop maak vir die leiding van die Gees daarin.

1 Kor. 2: ‘ 9Dit is wat die Skrif bedoel met die woorde: “Wat geen oog gesien het; wat geen oor gehoor het; wat in niemand se hart opgekom het nie – dit het God voorberei vir hulle wat Hom liefhet.” 10Maar ons ken hierdie geheim omdat God dit deur sy Gees aan ons bekendgemaak het. Want die Gees deurvors alle dinge, ook God se diepste geheime. 11Niemand sal ooit die diepste gedagtes van ’n mens ken nie, behalwe daardie persoon se eie gees. Net so kan niemand God se diepste geheime ken nie, behalwe die Gees van God. 12Ons het die Gees ontvang wat van God uitgaan – nie dié van die wêreld nie – sodat ons kan besef watter wonderlike geskenke God aan ons gegee het. 13As ons hierdie dinge aan julle vertel, gebruik ons nie woorde wat hulle oorsprong het in menslike slimmigheid nie, maar wat hulle oorsprong het by die Gees.Ons gebruik woorde wat van die Gees kom om geestelike waarhede te verduidelik. ... 15Ons in wie die Gees is, verstaan al hierdie dinge, maar ander kan ons glad nie verstaan nie. 16Hoe kan hulle ook? Want: “Wie kan verstaan wat die Here dink? Wie kan Hom raad gee?” Óns kan hierdie dinge egter verstaan, want ons is in gestel om soos Christus te dink.

“So God uses our self-knowledge or self-awareness, which is heightened and given special quality by His presence and direction, to search out and reveal the truth about ourselves and our world. And we are able to see His knowledge of Himself- made available to us in Christ and the Scripture- to understand in some measure His thoughts and intention toward us and to help see His workings in our world.”

Ons kan dus God se kennis oor God self gebruik (ons het toegang daartoe deur die Gees) om begrip te kry oor Sy aksies in ons en in die wêreld rondom ons.

In ons eenheid met God waar ons gees met Sy gees getuig, begin gebeur waarvoor Jesus gebid het in Joh. 17: 21

“*Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in ’n hegte verhouding met My en Ek met U is; dat hulle ook in ’n hegte verhouding met Ons mag leef sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.*”

Die manier waarop God ons bewustelike wêreld binnetree is juis deur ons gedagtes, gevoelens, persepsies en ervarings. Dis is waar ons is en waaruit ons lewens bestaan.

As God ons daar ontmoet en so ons wêreld binnetree, dan gebeur wat Paulus ons beveel: Rom. 12:2 “Laat die Gees julle verander deur julle denke te vernuwe.”

Die probleem is nie dat ons dink nie, maar dat ons nie ons denke deur God laat verlig word deur na Sy stil stem te luister nie.

Ons leef dus omsigtig in die wete dat die “Lig” van God aan die werk is in ons eie gedagtes en ervarings. Gedagtes wat herhalend opkom. Gevoelens wat opstoot en insigte wat stil ontwikkel moet dus oopgemaak word voor God.

Prentjie: God wat met ‘n lamp versigtig in ons gedagte en ervaringswereld rondloop om daardeur met ons te praat.
Dawid: Ps. 139:23,24. “Deurgrond my o God, deurgrond my hart…”
Daily Examen.

“I believe it is possible for someone who regularly interacts with the voice of God not even to recognize it as something special. The Scripture teaches us that the less dramatic the message, the fuller the content and the more advance the person who is receiving the message”

“Biblical Christians are not just people who hold certain beliefs about the Bible. They are also people who lead the kind of life demonstrated in the Bible: a life of personal, intelligent interaction with God. Anything less than this makes a mockery of the priesthood of the believer.”

Stilte is nie ‘n antwoord nie.

As God nie gee wat ons vra nie, dan sal Hy wel ‘n antwoord gee. (Paulus se doring in die vlees. 2 Kor. 12:7-8)

Ons het meer nodig as die Bybel

Vir ‘n lewende interaktiewe verhouding met God waar ons as Sy medewerkers in ‘n verhouding met Hom leef sodat Sy koninkryk in en deur ons gedy, is die Bybel en die kerk middele waardeur God persoonlik en individueel met ons praat.

(Tog, hoe het die vroeë christene in die eerste eeue geleef sonder die Bybel?)

Geen omgang met die Bybel sonder God en die verhelderende werk van die Gees nie! Die Apostels moes dit leer soos beskryf in Handelinge.

“Like the Sadducees, far to many believers, in their effort to honor the Bible, adopt an unbiblical teaching about God’s relationship to his Children.”

Die rol van geestelike voorgangers is om mense, soos Eli vir klein Samuel, te help om die stem van God in hulle eie lewens te herken en self daarop te reageer.

The more spectacular is the less mature.

Die hoor van die stil stem van God is vir die wat gegroei het in hulle verhouding met God.

“The greater the maturity of the listener, the greater the clarity of the message and the lesser the role played by dreams, visions and other strange phenomena and altered states.”

Johannes 16: 25 – 33

25“Dit het Ek met behulp van beeldspraak aan julle verduidelik. Daar kom ’n tyd wanneer Ek nie meer met behulp van beeldspraak met julle sal praat nie, maar openlik die Vader aan julle sal verkondig. 26Op daardie dag sal julle in my Naam bid. Ek sê nie dat Ek die Vader sal raadpleeg oor julle nie, 27want die Vader self het julle lief omdat julle My lankal reeds liefgehad het, en vas glo dat Ek van God af gekom het. 28Ek het van die Vader af gekom en bevind My nou in hierdie wêreld. Ek verlaat weer die wêreld en gaan terug na die Vader toe.” 29Sy dissipels sê toe: “Kyk, nou praat U openlik, en U doen dit sonder enige beeldspraak. 30Ons besef ook nou dat U alles weet en niemand hoef U verder uit te vra nie. Daardeur is ons oortuig dat U van God af gekom het.”

Die hoor van die stil, seker en persoonlike stem van God is meer persoonlik, duidelik, helder en seker as die boodskappe van God wat kom as visioene, drome en profetiese woorde.
Jesus het bedien vanuit die stil intieme stem van Sy Vader. Hy het nie visioene, drome of profesieë gedeel of gekry vir sover ons weet nie.

“When the spectacular is sought, it is because of childishness in the personality”

Die raaiselagtige element wat daar is in die maniere waarop God met ons praat is om ons dieper in te nooi in die verhouding en sensitiwiteit vir die Gees sodat ons kan oefen en groei om die stil en meer persoonlike stem van God beter te hoor met meer intimiteit met God.

"How glad I am that humankind was finally ready to be addressed by the still small voice of Jesus! How good it is that God left the spectacular forms that had been necessary - *and perhaps still are necessary for some purposes* - and came to deal with us by the very whispers of his Spirit."

Mat. 12:18"Hier is my Dienskneg wat Ek uitgekies het. Hom het Ek lief. Hy maak my hart baie bly. Ek sal my Gees op Hom laat rus en Hy sal my besluit aan die nasies bekendmaak. 19Hy sal nie met mense stry of 'n groot lawaai maak nie. Hy sal nie sy stem in die openbaar verhef nie.

Silence is golden

Ons weet, van die diepste kommunikasie wat meer beteken as wat die beperking van woorde kan deel, is die kommunikasie van stilte. Die kommunikasie verby woorde. (First language)

Vir nadenke:

- Wens jy soms dat God op groot bonatuurlike maniere met jou moet praat?

- Hoe gebruik jy die Bybel om God se stem te hoor?

- Hoe voel jy oor die stil sagte stem van God in jou eie lewe?

- Het jy al tuisgekom in die binnewêreld se gedagtes en emosies en gewaag om daarin na God se stil stem te luister? Indien, het jy iets gehoor?

- As stilte die plek is waarin God se stil stem groei en harder word, hoeveel stilte is daar in jou lewe om die fluistering van God te hoor?

„Spreek Here, U dienskneg luister.”